REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **70c** Local
Buitelands **R1,00** Other countries
Posvry • Post free

Regulasiekoerant
Regulation Gazette
No. 4491

As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer
Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 299 PRETORIA, 4 MEI / MAY 1990 No. 12451

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

No. R. 965 **4 Mei 1990**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

DRANK EN SPYSENIERSBEDRYF, KAAP.—HOOFOOREENKOMS

Ek, Eli van der Merwe Louw, Minister van Mannekrag, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Januarie 1993 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is; en

(b) kragens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a), 2, 5 (6) (g), 16 en 22 tot 26, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Januarie 1993 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die genoemde Ooreenkoms gespesifiseer.

E. VAN DER M. LOUW,
Minister van Mannekrag.

891—A

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF MANPOWER

No. R. 965 **4 May 1990**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

LIQUOR AND CATERING TRADE, CAPE.—MAIN AGREEMENT

I, Eli van der Merwe Louw, Minister of Manpower, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 January 1993, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions; and

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a), 2, 5 (6) (g), 16 and 22 to 26, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 January 1993, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the said Agrement.

E. VAN DER M. LOUW,
Minister of Manpower.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE DRANK- EN SPYSENIERS-BEDRYF, KAAP

OOREENKOMS

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Fedhasa Employers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

Liquor and Catering Trades Employees' Union

en die

Hotel, Bar and Catering Trades Employees' Association

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Drank- en Spyseniersbedryf, Kaap.

1. GEBIED EN TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Drank- en Spyseniersbedryf nagekom word—

(a) deur alle werkgewers wat lede is van die werkgewersorganisasie en deur alle werknemers wat lede is van die vakverenigings;

(b) in die landdrosdistrikte Bellville, Goodwood, Die Kaap, Simonstad, Somerset-Wes, Strand en Wynberg.

(2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms van toepassing slegs op werknemers vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word.

2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op die datum wat die Minister kragtens artikel 48 van die Wet bepaal en bly van krag vir 'n tydperk van drie jaar of vir dié tydperk wat hy vasstel.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE LIQUOR AND CATERING TRADE, CAPE

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

Fedhasa Employers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

Liquor and Catering Trades Employees' Union

and the

Hotel, Bar and Catering Trades Employees' Association

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Liquor and Catering Trade, Cape.

1. AREA AND SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Liquor and Catering Trade—

(a) by all employers who are members of the employers' organisation and by all employees who are members of the trade unions;

(b) in the Magisterial Districts of Bellville, Goodwood, The Cape, Simon's Town, Somerset West, Strand and Wynberg.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall only apply in respect of employees for whom wages are prescribed in this Agreement.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of section 48 of the Act and shall remain in force for a period of three years or for such period as may be determined by him.

3. WOORDOMSKRYWING

(1) **Werkkategorieë**

Opmerking: Lees saam met klousule 4—Lone.

Kategorie	Restourante	Een- en tweester-hotelle	Drie-, vier- en vyfster-hotelle
1	Restourant- en kombuis-assistent Kroegwerker Wag/Nagwag Tuinier	Hysbakbediener	Kamerbediende/Huishulp (twee maande inleiding, dan na Kategorie 2)
2	Proviandkamer-werker/Slaaimaker	Kroegwerker Kamerbediende Drywer Tuinier Kombuis-assistent Portier Kwekelingportier (vyf maande teen 75% van die gekwalifiseerde loon) Wag	Kombuis-assistent/Skottelgoedwasser Kroegwerker Kamerbediende/Huishulp Skoonmaker Wassery/Linnekamer/Klerewerkster Tuinier Algemenedienswerknemer Wag Bagasieportier Bankethuishulp/Portier
3	Kok Drywer Roosterbediener Faktotum Veiligheidsbeampte Kelner Wynkelner	Kok Kwekelingkok (drie eenjaar-periodes teen— eerste jaar—70% van gekwalifiseerde loon tweede jaar—80% van gekwalifiseerde loon derde jaar—90% van gekwalifiseerde loon) Kelner/Wynkelner Kwekeling-kelner/-wynkelner (vyf maande teen 75% van die gekwalifiseerde loon) Nagportier Nagwag Faktotum	Hotelkwekeling Proviandkamerwerker/Toonbankbediener Drywer (voertuig ligter as 450 kg) Parkeerterreinbediener Kelner/Wynkelner ('Minikroeg') Kontroleur/Kamerdienskelner Kwekeling-kelner, ens. (vyf maande teen 75% van die gekwalifiseerde loon) Portier Kwekeling-portier (vyf maande teen 75% van die gekwalifiseerde loon) Nagportier Nagwag Linne-opsiener/Wassery-toesighouer Assistent-huishoudster

Kategorie	Restourante	Een- en tweester-hotelle	Drie-, vier- en vyfster-hotelle
4	Hoofkelner Sjef/Hoofkok Klerk Ontvangsklerk/Kassier Magasynman	Telefonis Klerk/Ontvangsklerk/Kassier Kwekeling-klerk (12 maande teen 75% van die gekwalifiseerde loon) Hoof-kok/Sjef Veiligheidsbeampte Magasynman	Magasynman Bloemis Hoofkelner/Hoofwynkelner Hoofportier Kok Kwekelingkok (drie eenjaar-periodes teen— eerste jaar—70% van gekwalifiseerde loon tweede jaar—80% van gekwalifiseerde loon derde jaar—90% van gekwalifiseerde loon Skakelbord-operateur (uitgesonderd ontvangs- en kassierwerk) Ongekwalifiseerde ontvangsklerk (ses maande) Veiligheidsbeampte
5	Kroegman	Kroegman Kwekeling-kroegman (vyf maande teen 75% van die gekwalifiseerde loon) Huishoudster Hoofkroegman	Nag-ouditeur Chef de Partie/Sjef/Hoofkok/Bakker Soetbakker Klerke Huishoudster Ontvangsklerk/Sekretaresse Kroegman Kwekeling-kroegman (vyf maande teen 75% van die gekwalifiseerde loon)
6	Assistent-bestuurder	Assistent-bestuurder Departementele bestuurder	Hoofkroegman
7	Bestuurder Kwekeling-restourantbestuurder: Eerste jaar teen 60% van die gekwalifiseerde loon Tweede jaar teen 75% van die gekwalifiseerde loon Derde jaar teen 80% van die gekwalifiseerde loon	Bestuurder	Bestuurder Assistent-bestuurder Departementele bestuurder Uitvoerende huishoudster Restourant-bestuurder

(a) *bis* WOORDOMSKRYWING

Kolom 1 (Restourante)	Kolom 2 (een- en tweester-hotelle)	Kolom 3 (drie-, vier- en vyfster-hotelle)
"assistent-bestuurder" beteken 'n werknemer wat die bestuurder by die uitvoering van sy pligte bystaan en wat tydens sy afwesigheid vir hom kan waarneem;	"assistent-bestuurder"—sien Kolom 1;	"assistent-bestuurder"—sien Kolom 1;
		"assistent-huishoudster" beteken 'n werknemer wat aan die huishoudster verantwoordelik is en haar by die uitvoering van haar pligte bystaan;
"kroegwerker" beteken 'n werknemer wat in 'n kroeg of buiteverkoopafdeling glase was, vloere, toonbanke, rakke, meubels of ander uitrusting vee en/of skoonmaak, bottels of ander houers opstapel en/of verwyder, drank aan klante aflewer vir verbruik weg van die perseel af;	"kroegwerk" beteken 'n werknemer wat in 'n kroeg of buiteverkoopafdeling glase was, vloere, toonbanke, rakke, meubels of ander uitrusting vee en/of skoonmaak, bottels of ander houers opstapel, verpak, dra, sorteer en/of verwyder, 'n handvoertuig stoot of trek, drank aan klante aflewer vir verbruik weg van die perseel af, goedere, behalwe drank, te voet of met 'n fiets, driewiel of 'n handvoertuig aflewer, en wat ligte verversings kan bedien, met inbegrip van kroegetes, maar uitgesonderd diens in die eetsaal;	"kroegwerker"—sien Kolom 1;
		"bankethuishulp/portier" beteken 'n werknemer wat tafels, stoele en die banketsaal ingevolge die tafelplan opstel, insluitende die skoonmaak van die saal met 'n stofsuier voor en na 'n banket, sowel as glase, messegoed en skottelgoed, skoonmaak en verskuif;
"kroegman" beteken 'n werknemer, uitgesonderd 'n wynkelner, wat oor die toonbank of uit die kroeg in 'n bedryfsinrigting drank verkoop en wat kan toesig hou oor alle werknemers wat in die kroeg werksaam is;	"kroegman"—sien Kolom 1;	"kroegman"—sien Kolom 1;
	"kroegman, gekwalifiseer," beteken 'n kroegman met minstens vyf maande ondervinding;	"kroegman, gekwalifiseer,"—sien Kolom 2;
	"kroegman, ongekwalifiseer," beteken 'n kroegman met minder as vyf maande ondervinding;	"kroegman, ongekwalifiseer,"—sien kolom 2;
	"kassier" 'n werknemer wat geld in ontvangs neem en kwitansie uitreik in enige deel van die bedryfsinrigting, wat drank wat bedien word aan gaste wat kamerdiens vereis, slegs in verseëlde houers kan verkoop uit dié deel van die gelisensieerde bedryfsinrigting waartoe die publiek kragtens die bepalings van die werkgewer se dranklisensie of in opdrag van die werkgewer geen toegansreg het nie, en wat ook klerklike werk kan verrig; wat skryf, tik of 'n ander vorm van klerklike werk kan verrig, wat geld vir die betaling van rekenings kan ontvang, en wat drank by die kontroleerpunt van uitgaande goedere kan verkoop;	"kassier"—sien Kolom 2;
"los werknemer" beteken 'n werknemer wat op hoogstens drie dae in 'n week by dieselfde werkgewer in diens is;	"los werknemer"—sien Kolom 1;	"los werknemer"—sien Kolom 1;
	"kamerbediende" beteken 'n werknemer wat beddens opmaak, linnegoed, komberse en blomme versorg, gaste se bagasie in- en uitpak en gaste se klere skoonmaak, was, stryk en pars, wat vloere vee, en meubels in openbare plekke, sowel as slaapkamers skoonmaak, en omvat dit "huishulp";	"kamerbediende"—sien Kolom 2;

Kolom 1 (Restourante)	Kolom 2 (een- en tweester-hotelle)	Kolom 3 (drie-, vier- en vyfster-hotelle)
"sjef" of "hoofkok" beteken 'n werknemer wat in beheer is van en toesig hou oor een of meer gekwalifiseerde koks en wat daarvoor verantwoordelik is dat al die werknemers wat in die kombuis werksaam is hul pligte behoorlik uitvoer;	"sjef" of "hoofkok"—sien Kolom 1;	"sjef" of "hoofkok" beteken 'n werknemer wat in beheer is van en toesig hou oor een of meer gekwalifiseerde koks en wat daarvoor verantwoordelik is dat al die werknemers wat in die kombuis werksaam is hul pligte behoorlik uitvoer en "Sjef de Partie" wat ook vir 'n spesifieke afdeling van die kombuis verantwoordelik is;
	"kontroleerpunt van uitgaande goedere" beteken dié punt in die buiteverkoopafdeling waar die kassier sit en waar die goedere wat 'n klant gekoop het, nagegaan en daarvoor betaal word;	"kontroleerpunt van uitgaande goedere"—sien Kolom 2;
"klerk" beteken 'n werknemer wat skryf-, tik- of 'n ander vorm van klerklike werk verrig en sluit dit in 'n magasynman, versendingsklerk, telefonis, kassier en 'n werknemer wat die werk van 'n ontvangsklerk verrig;	"klerk"—sien Kolom 1;	"klerk" beteken 'n werknemer wat skryf-, tik- of ander vorm van klerklike werk verrig en sluit dit in 'n magasynman, versendingsklerk, telefonis, kassier en 'n werknemer wat die werk van 'n ontvangsklerk of 'n sekretaresse verrig;
	"klerk gekwalifiseer," beteken 'n klerk met minstens 12 maande ondervinding;	"klerk, gekwalifiseer,"—sien Kolom 2;
	"klerk, ongekwalifiseer," beteken 'n klerk met minder as 12 maande ondervinding;	"klerk, ongekwalifiseer,"—sien Kolom 2;
"kok," beteken 'n werknemer wat kos voorberei en/of kook en wat bak- en banketwerk verrig: Met dien verstande dat wanneer 'n werknemer slegs dié werk verrig wat in die omskrywing van "kelner" voorgeskryf word, hy nie as 'n kok beskou moet word nie;	"kok," beteken 'n werknemer wat kos voorberei en/of kook en wat bak- en banketwerk verrig en wat moet verseker dat sy toerusting skoon is: Met dien verstande dat wanneer 'n werknemer slegs die werk verrig wat in die omskrywing van "kelner" voorgeskryf word, hy nie as 'n kok beskou moet word nie;	"kok,"—sien Kolom 1;
	"kok, gekwalifiseer," beteken 'n kok met minstens drie jaar ondervinding;	"kok, gekwalifiseer,"—sien Kolom 2;
	"kok, ongekwalifiseer," beteken 'n kok met minder as drie jaar ondervinding;	"kok, ongekwalifiseer,"—sien Kolom 2;
"Raad," beteken die Nywerheidsraad vir die Drank- en Spyseniersbedryf, Kaap, wat geag word geregistreer te wees ingevolge artikel 19 van die Wet;	"Raad,"—sien Kolom 1;	"Raad,"—sien Kolom 1;
"dag," beteken 'n tydperk van 24 uur wat om 24:00 begin en eindig, behalwe dat 'n "dag" ten opsigte van nagwerkers 'n tydperk van 24 uur beteken wat om 12:00 begin en eindig;	"dag,"—sien Kolom 1;	"dag,"—sien Kolom 1;
	"departementele bestuurder," beteken iemand wat in bevel is van 'n spesifieke afdeling van die bedryfsinrigting en wat as 'n assistent-bestuurder beskou moet word;	"departementele bestuurder,"—sien Kolom 2;
"noodwerk," beteken werk wat weens onvoorsiene omstandighede soos 'n storm, brand, ongeluk, gewelddaad, epidemiese siekte, absenteïsme of diefstal en weens die feit dat dit nodig is vir die instandhouding van noodsaaklike dienste sonder versuim gedoen moet word;	"noodwerk,"—sien Kolom 1;	"noodwerk,"—sien Kolom 1;
"bedryfsinrigting," beteken 'n perseel waarvoor daar vir die verkoop van drank daarin, daarop of daaruit een of meer van die lisensies gehou word wat in die omskrywing van "Drank- en Spyseniersbedryf," voorgeskryf word en waarin of in verband waarmee een of meer werknemers geheel of gedeeltelik in die drankbedryf geassosieer is;	"bedryfsinrigting,"—sien Kolom 1;	"bedryfsinrigting,"—sien Kolom 1;

Kolom 1 (Restourante)	Kolom 2 (een- en tweester-hotelle)	Kolom 3 (drie-, vier- en vyfster-hotelle)
	"ondervinding," beteken, met betrekking tot dié werknemers vir wie 'n stygende loonskaal in klousule 4 voorgeskryf word, die totale tydperk of tydperke, wat 'n werknemer werksaam was in die bepaalde beroep wat hy in die Drank- en Spyseniersbedryf beoefen: Met dien verstande dat alle ondervinding as 'n hoteljoggie geag word ondervinding as 'n portier te wees:	"ondervinding,"—sien Kolom 2;
		"uitvoerende huishoudster," beteken 'n werknemer wat 'n lid van die senior bestuurspan is, wat vir begroting, beplanning, administrasie, toesig en die bestuur van die hele departement verantwoordelik is;
		"bloemis," beteken 'n werknemer wat verantwoordelik is vir die aankoop, versierings- en die versorging van die blomme en tuinboukundige vereistes van 'n bedryfsinrigting;
"tuinier," beteken 'n werknemer wat met tuinwerk en verwante bedrywighede besig is;	"tuinier,"—sien Kolom 1;	"tuinier,"—sien Kolom 1;
		"algemenedienswerknemer" beteken 'n werknemer wat in een of meer van die volgende hoedanighede werksaam is: (a) Beddens opmaak; (b) linnegoed, komberse en blomme versorg; (c) gaste se bagasie in- en uitpak en gaste se klere skoonmaak, stryk en pars; (d) biljarttafels versorg en wat betaling kan ontvang vir potte wat op die tafels gespeel word; (e) ligte verversings bedien, met inbegrip van kroegetes; (f) eetware, eetgerei of ander artikels aandra; (g) eetgerei, meubels, persele, voertuie, skoene, groente, vis, pluimvee of ander artikels skoonmaak, vloere vee en toonbanke, rakke, meubels of ander uitrusting in 'n kroeg of buiteverkoopafdeling afstof en/of skoonmaak; (h) vuur maak of aan die gang hou en/of afval verwyder; (i) pluimvee pluk; vrugte of groente skil en/of snipper; tee, koffie, kakao of dergelike dranke maak; (j) diere of pluimvee versorg; (k) tuinwerk (d.w.s. plant onder toesig, spit, hark, gras sny, strooi, meng, natmaak, heinings snoei); (l) bottels of ander artikels verpak en sorteer; (m) 'n handvoertuig stoot of trek; (n) persele, bagasie of ander artikels bewaak, maar nie persele, geboue, hekke of ander eiendom snags bewaak nie; (o) goedere, behalwe drank, te voet of met 'n fiets, driewiel of 'n handvoertuig aflewer; (p) onder toesig van 'n sjef of hoofkok of 'n gekwalifiseerde kok 'n kok help deur die kosware in die gaarmaakproses te versorg, en/of vleis of ander kosware wat vir die verbruik van die werknemers van 'n bedryfsinrigting bedoel word, gaarmaak; (Vir die toepassing van hierdie omskrywing omvat die uitdrukking "eetware, eetgerei of ander artikels aandra" nie etes of verversings na gaste aandra nie, behalwe vroeëoggendtee, -koffie, -kakao of dergelike dranke en warm water);

Kolom 1 (Restourante)	Kolom 2 (een- en tweester-hotelle)	Kolom 3 (drie-, vier- en vyfster-hotelle)
"roosterbediener" beteken 'n werknemer wat die pligte van 'n kok uitvoer, maar wat hoofsaaklik met die rooster van kos bedrywig is;		
"gas" beteken enigiemand wat òf permanent òf tydelik in 'n bedryfsinrigting woon en omvat dit ook 'n besoeker of klant, maar nie die werkgewer of 'n lid van sy gesin of iemand wat by die bedryfsinrigting in diens is nie;	"gas"—sien Kolom 1;	"gas"—sien Kolom 1;
"faktotum" 'n werkgewer wat meubels, masjienerie of ander uitrusting herstel en wat minder belangrike herstel- of opknappingswerk aan gebou kan doen;	"faktotum"—sien Kolom 1;	"faktotum"—sien Kolom 1;
	"hoofkroegman" beteken 'n werknemer wat in beheer is van en toesig hou oor een of meer ander kroegmanne en wat daarvoor verantwoordelik is dat hierdie kroegmanne en alle ander werknemers wat in of in verband met die kroeg of kroeë onder sy beheer in diens is, hul pligte behoorlik uitvoer;	"hoofkroegman"—sien Kolom 2;
		"hoofportier" beteken 'n werknemer wat in beheer geplaas is van en toesig hou oor een of meer portiers en wat daarvoor verantwoordelik is dat hulle hul pligte behoorlik uitvoer;
		"hoofkelner" beteken 'n werknemer wat in beheer geplaas is van en toesig hou oor kelners en wat daarvoor verantwoordelik is dat hulle hul pligte behoorlik uitvoer;
		"hotelkwekeling" beteken 'n werknemer wat vir 'n tydperk van drie jaar in verskillende afdelings van 'n bedryfsinrigting werk met die oog op bestuursopleiding, en wie se indiensneming as 'n kwekeling in 'n besondere bedryfsinrigting die goedkeuring van die Raad wegdra;
	"hotelkwekelingondervinding" beteken ook ondervinding opgedoen aan 'n skool onder beskerming van die Hotelraad;	"hotelkwekelingsondervinding"—sien Kolom 2;
	"huishoudster" beteken 'n werknemer wat toesig hou oor die kombuise en/of slaapkamers en die personeel in hierdie afdelings, en wat oor voorrade toesig kan hou;	"huishoudster"—sien Kolom 2;
"kombuis-assistent" beteken 'n werknemer wat een of meer van die volgende werksaamhede uitvoer: Breekgoed, eetgerei, glase en kombuisgereedskap opwas en droogmaak; dra, skoonmaak, vee, opruim, afstof en poleer; kosware was, afskil, opsny en uitdeel; tee, koffie en ander drankies maak met inbegrip van die maak van toebroodjies en nagereg (insluitende die bak daarvan) onder toesig van die kok in die kookproses, of ander pligte; van agter die toonbank (uitgesonderd 'n kroegtoonbank) aan kelners en wynkelners alle kossoorte en drank uitdeel, wat wyn en bier insluit, maar nie sterk drank nie; wasgoed skoonmaak, was en stryk;	"kombuis-assistent" beteken 'n werknemer wat kos, kombuisgereedskap of ander artikels dra; kombuisgereedskap, meubels, persele, voertuie skoene, groente, vis, pluimvee of ander artikels skoonmaak; vloere vee; toonbanke, rakke, meubels of ander uitrusting afstof en/of skoonmaak, behalwe in 'n kroeg of buiteverkoopafdeling; vure maak of in stand hou en/of afval verwyder; vrugte of groente afskil of sny; tee, koffie of ander drankies maak; onder toesig van 'n sjef of hoofkok of 'n gekwalifiseerde kok die kok help deur die kosware in die gaarmaakproses te versorg en/of vleis of ander kosware gaarmaak wat ook vir verbruik deur die werknemers van 'n bedryfsinrigting bedoel word, en dit sluit in die voorbereiding en maak van slaai en toebroodjies;	"kombuis-assistent" sien Kolom 2;
		"wassery-toesighouer" beteken 'n werknemer wat in beheer geplaas is van en toesig hou oor wassery-werkers en wat daarvoor verantwoordelik is dat hulle hul pligte doeltreffend uitvoer;
		"wassery-werker" beteken 'n werknemer wat gaste se klere, hotellinne en -uniforms skoonmaak, was, stryk en pars;

Kolom 1 (Restourante)	Kolom 2 (een- en tweester-hotelle)	Kolom 3 (drie-, vier- en vyfster-hotelle)
	"hysbakbediener" beteken 'n werknemer wat 'n goedere- of passasiershysbak bedien;	"hysbakbediener"—sien Kolom 2; "linnekamer-assistent" beteken 'n werknemer wat hotellinne, uniforms en gaste se wasgoed afhaal, regmaak en aflewer;
"Drank- en Spyseniersbedryf" beteken die Bedryf wat deur werkgewers en werknemers uitgeoefen word wanneer hulle, tydelik of permanent, 'n besigheid dryf waar drank verkoop word en in verband waarmee een of meer van die volgende lisensies, kragtens die Drankwet, 1977, uitgereik, gehou moet word: Restourantdranklisensie; hoteldranklisensie; kantienlisensie; wyn-en-bierlisensie; teater- of sportgronde-dranklisensie; tydelike dranklisensie; nagtelike geleentheidslisensie; houers van magtiging uitgereik ingevolge artikel 23;	"Drank- en Spyseniersbedryf"—sien Kolom 1;	"Drank- en Spyseniersbedryf"—sien Kolom 1;
		"bagasieportier" beteken 'n werknemer wat met die aankoms van treine of ander vervoermiddels gaste ontmoet en vergesel en hul bagasie vervoer; boodskappe ontvang, aflewer en aandag daaraan skenk, asook klokkies beantwoord;
"bestuurder" beteken 'n werknemer wat in beheer is van 'n bedryfsinrigting en van die werknemers wat in die bedryfsinrigting in diens is en wat daarvoor verantwoordelik is dat hulle hul pligte behoorlik uitvoer;	"bestuurder"—sien Kolom 1;	"bestuurder"—sien Kolom 1;
"motorvoertuig" beteken 'n voertuig wat deur eie krag aangedryf word (uitgesonderd 'n tweewielvoertuig) en wat gebruik word vir die vervoer van hotelgaste en/of bagasie na en van 'n bedryfsinrigting af en vir die vervoer karwei of aflewering van goedere wat in verband met die Drank- en Spyseniersbedryf gebruik word, en vir die aflewering van drank aan klante;	"motorvoertuig"—sien Kolom 1;	"motorvoertuig"—sien Kolom 1;
"motorvoertuigdrywer" of "drywer van 'n motorvoertuig" beteken 'n werknemer wat 'n motorvoertuig dryf, en vir die doel van hierdie omskrywing word daar beskou dat by " 'n motorvoertuig dryf" inbegrepe is alle tydperke wat daar gedryf word en alle tyd wat die drywer aan die voertuig of die vrag bestee en alle tydperke wat hy verplig is om op sy pos te bly, gereed om te dryf;	"motorvoertuigdrywer" of "drywer van 'n motorvoertuig" beteken 'n werknemer wat 'n motorvoertuig dryf, en vir die doel van hierdie omskrywing word daar beskou dat by " 'n motorvoertuig dryf" inbegrepe is alle tydperke wat daar gedryf word en alle tyd wat die drywer aan die voertuig of die vrag bestee en alle tydperke wat hy verplig is om op sy pos te bly, gereed om te dryf; en wat ook die pligte van 'n portier mag uitvoer;	"motorvoertuigdrywer"—sien Kolom 2;
	"nagportier" beteken 'n portier wie se diens merendeels tussen 19:00 en 07:00 val;	"nagportier"—sien Kolom 2;
	"nagportier, gekwalifiseer," beteken 'n nagportier met minstens vyf maande ondervinding;	"nagportier, gekwalifiseer"—sien Kolom 2;
	"nagportier, ongekwalifiseer," beteken 'n nagportier met minder as vyf maande ondervinding;	"nagportier, ongekwalifiseer"—sien Kolom 2;

Kolom 1 (Restourante)	Kolom 2 (een- en tweester-hotelle)	Kolom 3 (drie-, vier- en vyfster-hotelle)
"nagwag," beteken 'n werknemer wat gedurende die nag persele, geboue, hekke of ander eiendom bewaak en inwoners inlaat;	"nagwag," beteken 'n werknemer wat gedurende die nag persele, geboue, hekke of ander eiendom bewaak, inwoners inlaat, skoonmaakpligte nakom en wie se dienste grotendeels tussen die ure 22:00 en 07:00 plaasvind;	"nagwag"—sien Kolom 1;
"deeltydse werknemer," beteken 'n werknemer wie se dienskontrak daarvoor voorsiening maak dat hy vir 'n ononderbroke tydperk van ses dae of langer en vir altesaam minstens twee maar hoogstens vier uur op 'n dag in diens geneem word;	"deeltydse werknemer"—sien Kolom 1;	"deeltydse werknemer"—sien Kolom 1;
	"portier," beteken 'n werknemer wat gaste ontmoet by die aankoms van treine en ander vervoermiddels, gaste en hul bagasie vervoer, boodskappe ontvang, aflewer en aandag daaraan skenk, klokkies en telefone beantwoord, verversings aan gaste bedien en aandag aan hul behoeftes skenk, en wat 'n telefoonskakelbord kan bedien;	"portier"—sien Kolom 2;
	"portier, gekwalifiseer," beteken 'n portier met minstens vyf maande ondervinding;	"portier, gekwalifiseer"—sien Kolom 2;
	"portier, ongekwalifiseer," beteken 'n portier met minder as vyf maande ondervinding;	"portier, ongekwalifiseer"—sien Kolom 2;
"ontvangsklerk/kassier," beteken 'n werknemer wat klante ontvang, lyste van besprekings versorg, 'n telefoon bedien, rekenings uitreik, geld ontvang en kwitansies uitreik by die ontvangs of enige ander verkoopsplek, behalwe die kroeg;	"ontvangsklerk/kassier," beteken 'n klerk wat gaste ontvang, besprekings waarneem en 'n lys daarvan hou, rekenings uitskryf, geld ontvang en kwitansies uitreik, en wat die werk van kassier kan verrig;	"ontvangsklerk/kassier"—sien Kolom 2;
	"ontvangsklerk, gekwalifiseer," beteken 'n ontvangsklerk met minstens 12 maande ondervinding;	"ontvangsklerk, gekwalifiseer"—sien Kolom 2;
	"ontvangsklerk, ongekwalifiseer," beteken 'n ontvangsklerk met minder as 12 maande ondervinding;	"ontvangsklerk, ongekwalifiseer"—sien Kolom 2;
"restourant-assistent," beteken 'n werknemer wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig: Dra, skoonmaak, vee, opruim, afstof, poleer, tafels dek en afdek, bottels, breekgoed, messegoed en glasware van openbare plekke verwyder;		
		"restourantbestuurder," beteken 'n werknemer wat in beheer is van 'n restourant in 'n hotel waarin daar minstens een hoofkelner werksaam is en wat daarvoor verantwoordelik is dat die werknemers wat in so 'n restourant werksaam is hul pligte doeltreffend uitvoer:
		"klerewerkster," beteken 'n werknemer wat hotellinne en -uniforms opmaak en/of regmaak;
		"sekretaris/esse"—sien "klerk";
"veiligheidsbeampte," beteken 'n werknemer wat toesig hou oor inklokmasjiene en presensieregisters, pakkette nagaan en veiligheidswerk, uitgesonderd die plige van 'n algemenedienswerknemer, in opdrag van die werkgewer verrig en wat toegelaat word om klerklike werk te verrig;	"veiligheidsbeampte"—sien Kolom 1;	"veiligheidsbeampte"—sien Kolom 1;

Kolom 1 (Restourante)	Kolom 2 (een- en tweester-hotelle)	Kolom 3 (drie-, vier- en vyfster-hotelle)
"werkdagindeling," beteken 'n tydperk bereken vanaf die tyd waarop 'n werknemer op 'n dag begin werk totdat hy vir dié dag ophou met werk;	"werkdagindeling"—sien Kolom 1;	"werkdagindeling"—sien Kolom 1;
"proviandkamerwerker/slaaimaker," beteken 'n werknemer wat enigeen van die volgende werksaamhede verrig: slaai maak of voorberei, ligte happies, toebroodjies en warm en koue drankies maak en voorbereide kos hanteer en warmmaak;		"proviandkamerwerker/slaaimaker"—sien Kolom 1;
"magasynman," beteken 'n werknemer wat beheer oor voorrade het en verantwoordelik is vir die ontvang, wegpak, verpakking of uitpak van goedere in 'n magasyn, en vir die lewering van goedere uit 'n magasyn aan afdelings of vir versending;		"magasynman"—sien Kolom 1;
	"telefonis" beteken 'n werknemer wat 'n telefoonskakelbord bedien en klerklike werk kan verrig;	"telefonis"—sien Kolom 2;
"loon" beteken die bedrag ingevolge klousule 4 (1) van hierdie Ooreenkoms aan 'n werknemer betaalbaar ten opsigte van sy gewone werkure soos in klousule 6 voorgeskryf: Met dien verstande dat as 'n werkgewer sy werknemer vir sodanige gewone werkure gereeld 'n hoër bedrag betaal as dié in klousule 4 (1) voorgeskryf, dit dié hoër bedrag beteken;	"loon"—sien Kolom 1;	"loon"—sien Kolom 1;
"kelner" beteken 'n werknemer wat gaste verwelkom; hulle na hul sitplekke wys; spyskaarte en wynlyste uitdeel; die inhoud van die spyskaart verduidelik; bestellings neem; maaltye, drankies en ander artikels bedien; tafels dek en afdek; tee, koffie en spesialiteitskoffies en ander drankies maak; brood sny en toebroodjies maak; slaaigeregte voorberei; betaling van gaste ontvang; en omvat dit die pligte van 'n wynkelner;	"kelner" beteken 'n werknemer wat tafels dek of afdek, etes of verversings bedien aan of dra na gaste en wat toebroodjies kan maak, slaaigeregte kan berei, en betaling van gaste kan aanvaar vir goedere, etes of verversings wat verskaf word, en omvat dit die pligte van 'n wynkelner;	"kelner" beteken 'n werknemer wat tafels dek of afdek, etes of verversings bedien aan of dra na gaste en wat toebroodjies kan maak, slaaigeregte kan berei, en betaling van gaste kan aanvaar vir goedere, etes of verversings wat verskaf word, en omvat dit die pligte van 'n wynkelner; en omvat dit ook 'n mini-kroegbeheerder/kamerdienskelner wat verantwoordelik is vir die bevoorrading, beheer oor en skoonhou van alle glasware en drank in gaste se kamers;
	"kelner, gekwalifiseer," beteken 'n kelner met minstens vyf maande ondervinding;	"kelner, gekwalifiseer,"—sien Kolom 2;
	"kelner, ongekwalifiseer," beteken 'n kelner met minder as vyf maande ondervinding;	"kelner, ongekwalifiseer,"—sien Kolom 2;
"wag" beteken 'n werknemer wat persele bewaak en bagasie of ander artikels oppas, uitgesonderd persele, geboue, hekke of ander eiendom gedurende die nag bewaak;	"wag"—sien Kolom 1;	"wag"—sien Kolom 1;
"week" beteken 'n ononderbroke tydperk van sewe dae;	"week"—sien Kolom 1;	"week"—sien Kolom 1;
"wynkelner" beteken 'n werknemer wat wynlyste uitdeel en die inhoud daarvan verduidelik; bestellings vir drank en ligte verversings neem en die bediening daarvan aan gaste; wat drank en ander drankies afmeet en skink, maar nie van agter 'n kroegtoonbank nie, en wat betaling van klante aanvaar;	"wynkelner"—sien Kolom 1;	"wynkelner"—sien Kolom 1;
"jaar" beteken 'n ononderbroke tydperk van 365 dae.	"jaar"—sien Kolom 1.	"jaar"—sien Kolom 1.

3. DEFINITIONS

(1) **Job categories**

Note: Read with clause 4.—Wages.

Category	Restaurants	One- and two-star hotels	Three-, four- and five-star hotels
1	Restaurant and kitchen assistant barhand Watchman/Night-watchman Gardener	Lift attendant	Chambermaid/Houseman (two months' induction, then to Category 2)
2	Stillroom worker/Salad maker	Barhand Chambermaid Driver Gardener Kitchen assistant Porter Trainee porter (five months at 75 % of qualified rate) Watchman	Kitchen assistant/Dishwasher Barhand Chambermaid/Houseman Cleaner Laundry/Linen room/Seamstress Gardener General service employee Watchman Luggage porter Banquetting houseman/Porter
3	Cook Driver Griller Handyman Security officer Waiter Wine steward	Cook Trainee cook(three one-year periods at— first year—70% of qualified rate second year—80% of qualified rate third year—90% of qualified rate) Waiter/Wine steward Trainee waiter/Wine steward (five months at 75% of qualified rate) Night porter Night-watchman Handyman	Hotel trainee Stillroom worker/Counterhand Driver (vehicle less than 450 kg) Car park attendant Waiter/Wine steward ('Mini Bar') Controller/Room service waiter Trainee waiter, etc. (five months at 75% of qualified rate) Porter Trainee porter (five months at 75% of qualified rate) Night porter Night-watchman Linen keeper/Laundry superviser Assistant housekeeper

Category	Restaurants	One- and two-star hotels	Three-, four- and five-star hotels
4	Head waiter Chef/Head cook Clerical employee Receptionist/Cashier Storeman	Telephone operator Clerical employee/Receptionist/Cashier Trainee clerical employee (12 months at 75% of qualified rate) Head cook/Chef Security officer Storeman	Storeman Florist Head waiter/Head wine steward Head porter Cook Trainee cook (three one-year periods at— first year—70% of qualified rate second year—80% of qualified rate third year—90% of qualified rate) Handyman Driver (vehicle more than 450 kg) Switchboard (excluding reception and cashier work) Unqualified receptionist (six months) Security officer
5	Barman	Barman Trainee barman (five months at 75% of qualified rate) Housekeeper Head barman	Night auditor Chef de Partie/Chef/Head cook/Baker Pastry chef Clerical employee Housekeeper Receptionist/Secretary Barman Trainee barman (five months at 75% of qualified rate)
6	Assistant manager	Assistant manager Departmental manager	Head barman
7	Manager Trainee restaurant manager: First year at 60% of qualified rate Second year at 75% of qualified rate Third year at 80% of qualified rate	Manager	Manager Assistant manager Departmental manager Executive housekeeper Restaurant manager

(1) *(bis)* DEFINITIONS

Column 1 (Restaurants)	Column 2 (one- and two-star hotels)	Column 3 (three-, four- and five-star hotels)
"assistant manager" means an employee who assists the manager in the performance of his duties and who may act for him in his absence;	"assistant manager"—see Column 1;	"assistant manager"—see Column 1;
		"assistant housekeeper" means an employee who reports to and is engaged in assisting the housekeeper in performing her duties;
"barhand" means an employee engaged in a bar or off-sales department, in washing glasses, sweeping and/or cleaning floors, counters, shelves, furniture or other equipment, stacking and/or removing bottles or other containers, delivering liquor to customers for consumption off the premises;	"barhand" means an employee engaged in a bar or off-sales department in washing glasses, sweeping and/or cleaning floors, counters, shelves, furniture or other equipment, stacking, packing, carrying, sorting and/or removing bottles or other containers, pushing or pulling any manually propelled vehicle, delivering liquor to customers for consumption off the premises, delivering goods, other than liquor on foot or by means of a bicycle, tricycle or any manually propelled vehicle and who may serve light refreshments, including bar meals, but excluding service in the dining area;	"barhand"—see Column 1;
		"banquetting houseman/porter" means an employee engaged in the placing of tables, chairs and the setting up of the banquetting room in terms of the table plan, including the vacuuming of the room prior and subsequent to the holding of the banquet, as well as the cleaning and moving of glassware, cutlery and crockery;
"barman" means an employee, other than a wine steward, engaged in the sale of liquor over the counter or from the bar in an establishment and who may supervise any employee working in the bar;	"barman"—see Column 1;	"barman"—see Column 1;
	"barman, qualified," means a barman who has had not less than five months experience;	"barman, qualified,"—see Column 2;
	"barman, unqualified," means a barman who has had less than five months experience;	"barman, unqualified."—see Column 2;
	"cashier" means an employee engaged in receiving money and issuing receipts in any part of the establishment, who may be engaged in the sale of liquor only in sealed containers, which liquor is served for quests requiring room service, from that part of the licensed establishment to which, by virtue of the conditions of the employer's liquor licence or by the direction of the employer the public has no right of access, access, who may do clerical work, and who may be engaged in writing, typing or any other form of clerical work and who may receive money for payment of accounts and who is permitted to conduct sales of liquor at the check-out point;	"cashier"—see Column 2;
"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any week;	"casual employee"—see Column 1;	"casual employee"—see Column 1;
	"chambermaid" means an employee engaged in making beds, tending to linen, blankets and flowers, packing and unpacking guests' luggage and cleaning, washing, ironing and pressing guests' clothes and insweeping floors and cleaning furniture in public areas and bedrooms, and shall include "houseman";	"chambermaid"—see Column 2;

Column 1 (Restaurants)	Column 2 (one- and two-star hotels)	Column 3 (three-, four- and five-star hotels)
"chef" or "head cook" means an employee who is placed in charge of and supervises one or more qualified cooks and who is responsible for the efficient performance of their duties by all the employees employed in the kitchen;	"chef" or "head cook"—see Column 1;	"chef" or "head cook" means an employee who is placed in charge of and supervises one or more qualified cooks and who is responsible for the efficient performance of their duties by all the employees employed in the kitchen, and shall include "Chef de Partie" who may also be responsible for a specific department of the kitchen;
	"check-out point" means that point in the off-sales department where the cashier is situated and where the goods selected by a customer are checked and paid for;	"check out point"—see Column 2;
"clerical employee" means an employee, who is engaged in writing, typing or any other form of clerical work, and includes a storeman, despatch clerk, telephone operator, cashier and an employee who performs the work of a receptionist;	"clerical employee"—see Column 1;	"clerical employee" means an employee who is engaged in writing or any other form of clerical work and includes a storeman, despatch clerk, telephone operator, cashier and an employee who performs the work of a receptionist or a secretary;
	"clerical employee, qualified," means a clerical employee who has had no less than 12 months' experience;	"clerical employee, qualified,"—see Column 2;
	"clerical employee, unqualified," means a clerical employee who has had less than 12 months' experience ;	"clerical employee, unqualified,"—see Column 2;
"cook" means an employee engaged in the preparation and/or cooking of food and in baking and confectionery: Provided that where an employee performs only such work as is specified in the definition of "waiter" he shall not be deemed to be a cook;	"cook" means an employee engaged in the preparation and/or cooking of food and in baking and confectionery and shall be required to ensure cleanliness of his equipment: Provided that where an employee performs only such work as is specified in the definition of "waiter" he shall not be deemed to be a cook;	"cook"—see Column 1;
	"cook, qualified," means a cook who has had not less than three years' experience;	"cook, qualified,"—see Column 2;
	"cook, unqualified," means a cook who has had less than three years' experience;	"cook, unqualified,"—see Column 2;
"Council" means the Industrial Council for the Liquor and Catering Trade, Cape, deemed to be registered in terms of section 19 of the Act;	"Council"—see Column 1;	"Council"—see Column 1;
"day" means any period of 24 hours beginning and ending at 24:00, except that a "day" in respect of nightworkers shall mean any period of 24 hours beginning and ending at 12:00;	"day"—see Column 1;	"day"—see Column 1;
	"departmental manager" means a person who is in sole charge of a specific department of the establishment and who shall be regarded as an assistant manager;	"departmental manager"—see Column 2;
"emergency work" means any work which owing to unforeseen circumstances, such as storms, fire, accident, act of violence, epidemic illness, absenteeism or theft and which is necessary for the maintenance of essential service must be done without delay;	"emergency work"—see Column 1;	"emergency work"—see Column 1;
"establishment" means any premises in respect of which there is held for the sale of liquor therein, thereon or therefrom one or more of the licences specified in the definition "Liquor and Catering Trade", and in or in connection with which one or more employees are wholly or partially associated in the Liquor Trade;	"establishment"—see Column 1;	"establishment"—see Column 1;

Column 1 (Restaurants)	Column 2 (one- and two-star hotels)	Column 3 (three-, four- and five-star hotels)
	"experience" means, in relation to those employees in respect of whom a rising scale of wages is prescribed in clause 4, the total period/periods of employment which an employee has had in the particular occupation in which he is employed in the Liquor and Catering Trade: Provided that all experience as a page shall be deemed to be experience as porter;	
		"executive housekeeper" means an employee who forms part of the senior management team, who is responsible for the budgeting, planning, administration, supervision and running of the entire department;
		"florist" means an employee engaged in purchasing and attending to the decorative, floral and horticultural requirements of an establishment;
"gardener" means an employee engaged in gardening and related activities;	"gardener"—see Column 1;	"gardener"—see Column 1;
		"general service employee" means an employee who is engaged in any one or more of the following capacities: (a) making beds; (b) tending to linen, blankets and flowers; (c) packing and unpacking guests' luggage and cleaning, ironing and pressing guests' clothes; (d) attending to billiard tables and who may receive payment for any games played on the tables; (e) serving light refreshments, including bar luncheons; (f) carrying foodstuffs, utensils or other articles; (g) cleaning utensils, furniture, premises, vehicles, footwear, vegetables, fish, poultry or other articles, sweeping floors and dusting and/or cleaning counters, shelves, furniture or other equipment in a bar or off-sales department; (h) making or maintaining fires and/or removing refuse; (i) plucking poultry, peeling and/or cutting up fruit or vegetables; making tea, coffee or similar beverages; (j) tending animals or poultry; (k) gardening work (i.e. planting under supervision, digging, raking, mowing, spreading, mixing, watering, clipping hedges); (l) packing and sorting bottles or other articles; (m) pushing or pulling any manually propelled vehicle; (n) guarding premises, luggage or other articles, other than guarding premises buildings, gates or other property by night; (o) delivering goods, other than liquor, on foot or by means of a bicycle, tricycle or any manually propelled vehicle;

Column 1 (Restaurants)	Column 2 (one- and two-star hotels)	Column 3 (three-, four- and five-star hotels)
		(p) assisting the cook, under the supervision of a chef or head cook or a qualified cook, by attending to foodstuffs in the process of cooking, and/or cooking or cooking meat or other foodstuffs intended for consumption by the employees of an establishment. (For the purposes of this definition, the expression "carrying foodstuffs, utensils or other articles" does not include carrying meals or refreshments to guests, other than early morning tea, coffee, cocoa or similar beverages and hot water);
"griller" means an employee who performs the duties of a cook, but is primarily engaged in grilling food;		
"guest" means any person who resides either permanently or temporarily in an establishment and includes a visitor or customer but does not include the employer or any member of his family or any person in the establishment;	"guest"—see Column 1;	"guest"—see Column 1;
"handyman" means an employee who is engaged in making repairs to furniture, plant or other equipment and who may effect minor repairs or renovations to buildings;	"handyman"—see Column 1;	"handyman"—see Column 1;
	"head barman" means an employee who is placed in charge of and supervises one or more other barmen and who is responsible for the efficient performance of thier duties by such barmen and any other employee employed in or in connection with the bar/bars under his control;	"head barman"—see Column 2;
		"head porter" means an employee who is placed in charge of and supervises one or more porters and who is responsible for the efficient performance by them of thier duties; "head waiter" means an employee who is placed in charge of and supervises waiters and who is responsible for the efficient performance by them of their duties; "hotel trainee" means an employee who, for a period of three years is engaged in various departments of an establishment for managerial training, and whose employement as a trainee in a particular establishment has the approval of the Council;
	"hotel trainee experience" shall include any experience gained at a school under the auspices of the Hotel Board;	"hotel trainee experience"—see Column 2;
	"houskeeper" means an employee who is engaged in supervising the kitchens and/or bedrooms, and the staff in these departments, and who may supervise stores;	"housekeeper"—see Column 2;
"kitchen assistant" means an employee engaged in one or more of the following activities: Washing up and drying crockery, cutlery, glassware and kitchen utensils; carrying, cleaning, sweeping, mopping, dusting and polishing; washing, peeling, cutting and portioning food; making tea, coffee, other beverages, including the preparation of sandwiches and sweets (including the baking thereof) under the supervision of the cook in the process of cooking or other duties; dispensing from behind the counter (other than a bar counter) to waiters and wine stewards all food and beverages, including wine and malt, but excluding spirits, cleaning, washing and ironing laundry;	"kitchen assistant" means an employee engaged in carrying foodstuffs, utensils or other articles; cleaning utensils, furniture, premises, vehicles, footwear, vegetables, fish, poultry or other articles; sweeping floors and dusting and/or cleaning counters, shelves, furniture or other equipment, other than in a bar or off-sales department; making or maintaining fires and/or removing refuse; peeling and/or cutting up fruit or vegetables and making tea, coffee or beverages; assisting the cook, under the supervision of a chef or head cook or a qualified cook by attending to foodstuffs in the process of cooking and/or cooking meat or other foodstuffs also intended for consumption by the employees of an establishment which shall include the preperation and making of salads and sandwiches;	"kitchen assistant"—see Column 2;

Column 1 (Restaurants)	Column 2 (one- and two-star hotels)	Column 3 (three-, four- and five-star hotels)
		"laundry supervisor" means an employee who is placed in charge of and who supervises laundry workers and is responsible for the efficient performance by them of their duties;
		"laundry worker" means an employee who is engaged in cleaning, washing, ironing and pressing guests' clothes, hotel linen and uniforms;
	"lift attendant" means an employee engaged in operating a goods or passenger lift;	"lift attendant"—see Column 2;
		"linen room assistan" means an employee who is responsible for collecting, sewing, delivering and receiving items of hotel linen, uniforms and guests' laundry;
"Liquor and Catering Trade" means the Trade carried on by employers and employees when conducting, whether temporarily or permanently, a business where the sale of liquor is carried on and in connection with which one or more of the following licences, issued under the provisions of the Liquor Act, 1977, are required to be held; Restaurant liquor licence; hotel liquor licence; bar licence; wine and malt liquor licence; theatre or sportsground liquor licence; temporary liquor licence; late hours occasional licence; holders of authority issued in terms of section 23;	"Liquor and Catering Trade"—see Column 1;	"Liquor and Catering Trade"—see Column 1;
		"luggage porter" means an employee engaged in meeting guests on the arrival of trains or other conveyances accompanying guests and conveying their luggage; receiving, delivering and attending to messages and answering bells;
"manager" means an employee who is in charge of an establishment and of the employees in such establishment; and who is responsible for the efficient performance by them of their duties;	"manager"—see Column 1;	"manager"—see Column 1;
